**Oordenking**
**8 Julie 2009**

## Die Kerk is die heilige tempel van God (2)

1 Korintiërs 3: 16 en 17: *Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God beskadig, sal God hom straf, want die tempel van God is heilig, en die tempel is julle.*

As Paulus die kerk die tempel van God noem, word ons herinner aan die opwindende waarheid, dat dit in die kerk is waar God teenwoordig is, waar sy Heilige Gees woon, ja, wat die Liggaam van Christus is. Dit beteken die gemeente is afgesonder vir God en sy diens – geheilig in die diens van die Here. Dis nie 'n gebou of 'n plek wat heilig is nie, maar 'n gemeente van mense wat glo. "*Julle is die tempel van God... en die tempel van God is heilig*".

'n Waarskuwing volg op hierdie belofte:
Paulus sê: "*As iemand die tempel van God beskadig, sal God hom straf*"" Om die Liggaam van Christus te wond of te verwoes, is 'n groot sonde in beide die Ou en Nuwe Testament. God verdra nie die afbreek van sy tempel nie. In die Ou Testament was die straf vir die ontheiliging van die Heiligdom of die dood (Lev 15:31), of uitbanning uit die volk van die Here (Num 19:20). God is nie minder jaloers op die sy geestelike tempel, as wat Hy was op die tempel van hout en klip nie.
Paulus sê: "*As iemand die tempel van God beskadig, sal God hom straf*" Dis 'n tweevoudige belofte: 'n belofte om elkeen te straf wat sy tempel skade aandoen, en 'n belofte om sy kerk te beskerm.

Die tempel van God kan deur vyande van buite gewond en afgebreek word, of deur mense binne in die kerk self. As ons oor vyande van buite praat, dink ons aan aanvalle teen en vervolging van God se mense. Dink aan Farao. Dit was sy plan om Israel te verwond en selfs uit te roei. Hy het van hulle slawe gemaak. Hy het hulle baba-seuntjies doodgemaak.
Dink aan die Fariseërs en hulle bitter veldtog teen Christus en sy kerk. Na die hemelvaart is die apostels en al die volgelinge van Jesus bloedig vervolg en doodgemaak. In die eerste 350 jaar van die kerk se bestaan het meer Christene as martelaars gesterf, as wat nie vermoor is nie.

*Die fakkel wat ons dra is die lig wat uit die hande van die martelare geval het, toe hulle doodgemaak is, omdat hulle gepreek het dat Jesus gesterf het en opgestaan het. Ons het dieselfde roeping en opdrag en in ons droom vir die kerk van die Here, is dit God en sy krag wat ons dra.*

Maar die kerk word nie net van buite aangeval nie. Die dood wag die kerk baie keer in as gevolg van haar eie lidmate. Ons kan maar net kyk na die kerk in Korintiërs vir wie Paulus hier skryf. Die gemeente is verwond deur verdeling, binnegevegte, geestelike hoogmoedigheid, ontrouheid, onreinheid, om volgelinge van mense te wees en nie van Christus nie. Mense wat weier om te luister na wat God sê, verval in al hierdie bose praktyke wat die kerk van die Here afbreek.

*Sê nou net ons het 'n troue gehad met 'n bloeiende, verwonde bruid! Wat 'n skokkende ervaring! Die familie sit en wag, die bruidegom en strooijonker is daar. Die predikant staan voor met 'n Bybel in sy hand. Die strooimeisies het met die paadjie afgeloop en almal wag in spanning vir die bruid. Maar toe sy inkom, strompel sy in die paadjie af, vol bloed en modder, haar rok is geskeur, sy het 'n persblou oog en geswelde gesig en deurmekaar hare. Dis 'n skokkende gesig. Sy het alweer met haar broers en susters baklei! Ons almal dink – maar verdien die bruidegom wat so deftig en opgewonde daar wag, nie beter nie?*

Natuurlik het dit nie regtig gebeur nie. Dis 'n gelykenis van wat gebeur as die bruid van Christus, sy gemeente, verdeeld is, mekaar nie liefhet nie en mekaar nie ondersteun nie. 'n Verskeurde, verdeelde kerk verwond en vernietig die Liggaam van Christus.

God beskerm en onderhou altyd sy gemeente. Hy beskerm haar teen aanvalle van buite en van binne. God verdra nie die vernietiging van sy Kerk nie.

Deur God se genade moet ons liewer sy Kerk help opbou. Dit kan ons doen deur in vrede en in liefde saam te staan in sy werk. Ons bou die Liggaam op as ons deur die krag van die Heilige Gees leef, in plaas daarvan om vanweë sonde in dwaling te verval. Ons moet luister na die Woord. Deur God se genade kan ons sy Kerk opbou deur sending, deur evangelisasie en deur ons getuienis. Deur saam te staan, deur God te glo en Hom te dien, bou en bewaar ons die Liggaam.